

Die Christelike Vrou

September 2026

'n Nuwe seisoen

Die Christelike Vrou het nogal 'n interessante geskiedenis.

Van 1938 af het mev Ida Greyvenstein Ruysch van Dugteren se rubriek *Gedachten naar Boven* redelik gereeld anoniem in *Die Hervormer* verskyn. Vrouesake en die vermelding van die vrou was net in doodsberigte en advertensies.

In 1939 is mev Marié Oosthuizen deur ds JGM Dreyer gevra om 'n vrouerubriek in *Die Hervormer* te behartig. Aanvanklik is weinig meer as 'n bladsy aan die dames afgestaan, en het dit die behoefte aan 'n eie vroueblad na vore gebring. Op die Kongres van 1943 is die moontlikheid van 'n eie publikasie vir die NHSV bespreek, en vanaf September van daardie jaar is *Die Christelike Vrou* as onafhanklike maandblad uitgegee.

Mev Marié Oosthuizen is as eerste redaktrise (van 1943 tot 1947) deur verskeie dames bygestaan wat rubrieke oor en vir kinders, oor maatskaplike werk, gesondheid, boeke, enosvoorts, behartig het. Die volgende redakteurs van die onafhanklike maandblad was mev Marie Ras (1947-1975); mev Dibbie Botha (1975-1987); en mev Bets Booysen (1987-1996).

Vanaf April 1990 het *Die Christelike Vrou* as bylae in die Kerk se gesinsblad *Konteks* verskyn, met as redakteurs mev Bets Booysen (nog tot 1996); dr Elsabé Kloppers (1996-2002); mev Magda (Bornman) van Deventer (2002-2012); en ds Hannelie Botha (2012-2026). Met ingang van hierdie uitgawe, September 2026, is dit my voorreg om dié verdienstelike werk voort te sit.

Ons beplan om artikels te plaas oor relevante aktuele sake, profiele oor vroue van ons Kerk, getuienisse, en streek- en taknuus van die NHSV, altyd afgesluit met 'n kort oordenking deur een van ons vrouepredikante.

In hierdie uitgawe lees ons van die merkwaardige geloofsprong wat 'n Nederlandse gesin gemaak het. Ons leer ook die voorsitter van die NHSV se Hoofbestuur beter ken, en hoor hoe Gemeente Dolfynkus vanjaar Vrouedag gevier het.

En ons sluit af met ds Elmien Shaw se gebed: *Dankie dat ons vanoggend uit u Woord kon hoor dat ons genoeg is. Dankie dat ons waarde klaar vasgemaak is aan die kruis; dat ons nie slawe van 'n sisteem is nie, maar vrye dogters van die Koning.*

Tessa Oppermann



Trudie Joubert, Welgelegen-Pietersburg

As God jou roep, is daar geen grens nie

'n Mens beplan sy pad, maar die Here bepaal hoe hy loop (Spreuke 16:9, AFR83).

Soms skryf God verhale wat niemand sou kon uitdink nie. As iemand twee jaar gelede vir my gesê het dat ons gemeente se pad sou kruis met 'n jong Nederlandse gesin wat alles sou verkoop, hul vaderland sou verlaat en na Polokwane sou verhuis omdat hulle oortuig was dat God hulle roep, sou ek waarskynlik net vriendelik geglimlag het. Sulke dinge gebeur mos net in boeke.

Maar God skryf steeds sulke verhale.

Dit het alles begin lank voordat ons daarvan geweet het. In September 2023 ervaar Jan Pluimers, in die noorde van die noordelike halfrond, in Nederland, in die plattelandse dorpie Rijssen, dat God sy hart op 'n besondere manier aanraak. Daar is geen uitgebreide plan nie. Geen kaart nie. Geen verduideliking nie. Net twee name wat telkens terugkom: **Henk Joubert** en **NHKA Welgelegen** – presies net so.

Die merkwaardige is dat Jan nog nooit Suid-Afrika besoek het nie. Hy het nie geweet waar Polokwane op 'n kaart is nie. Tog lê hierdie onbekende plek en onbekende predikant en gemeente dag na dag swaar op sy hart.



Hy probeer kontak maak en stuur boodskappe. Hy bel en stuur e-posse. Getrou maand na maand – vyf maande na mekaar. Maar vreemd genoeg ontvang ons niks daarvan nie. Geen boodskap nie. Geen oproep nie. Geen e-pos nie. As 'n mens daarna kyk, sou jy kon dink die deure is toe. Maar God werk dikwels agter deure wat ons nie eens weet bestaan nie.

Terwyl ons in Suid-Afrika ons gewone gemeentewerk doen, lê 'n predikant en 'n gemeente aan die ander kant van die wêreld al hoe swaarder op 'n onbekende man se hart. God gee nie moed op nie.

Aan die einde van Januarie 2024 reis Jan duisende kilometers blindelings, sonder om te weet wat en wie op hom wag. Hy moet net self kom sien waarheen God hom moontlik stuur. Sondag 28 Januarie 2024 is daar die eerste onverwagse ontmoeting ná die erediens. So begin 'n vriendskap wat oor lande, tale en kulture strek.



Vir Jan en Gerrinde was dit nie net 'n reis na 'n ander land nie. Hulle het hul hele lewe lank in Rijssen gewoon. Hulle het daar grootgeword, hul huis opgebou en hul kinders daar grootgemaak. Hul ouers, broers, susters en grootouers woon steeds binne loopafstand van mekaar. Familie is nie iets wat jy beplan om agter te laat nie; dit is deel van wie jy is. Juis daarom was hierdie roeping só ingrypend. God het hulle nie net na 'n ander plek geroep nie – Hy het hulle gevra om alles wat veilig en bekend was, aan Hom toe te vertrou.

Ons het saam gebid. Saam gewag. Saam vertrou. Want 'n roeping is nooit net 'n besluit nie; dit is 'n proses waarin God mense stadig vorm.

Maar daar was nog iemand wie se hart God besig was om te vorm. Gerrinde. 'n Vrou en ma. 'n Dogter en suster. 'n Vriendin en kollega. 'n Kind van die Here. In haar *blog* skryf sy met merkwaardige eerlikheid dat sy aanvanklik glad nie opgewonde was nie. Sy was bly dat God met Jan praat, maar nie oor wat dit sou beteken nie. Sy het eerlik geworstel. Sy het gehoop dit sou net 'n kort projek wees. Sy het selfs vir Jan gevra om vir 'n tyd lank glad nie meer oor Suid-Afrika te praat nie.

Wie van ons kan haar kwalik neem? Sy sou haar familie moes groet. Vriende agterlaat. 'n Werk waarvoor sy lief was en 'n gemeente waarin sy gedien het. Haar kinders sou hul skool, hul taal en hul bekende wêreld moes verruil.

Dit is juis hierdie eerlikheid wat haar verhaal so besonders maak. Geloof beteken nie dat ons nooit bang is nie. Geloof beteken dat ons leer om God meer te vertrou as ons eie vrese.

Soos die maande verloop, begin God stadig maar seker die harde plekke in haar hart sag maak. Nie deur al die antwoorde te gee nie, maar deur elke volgende tree self te voorsien. Wanneer hulle wonder oor die kinders se skool, maak God 'n deur oop. Wanneer hulle wonder oor 'n huis, voorsien Hy. Wanneer hulle wonder oor visa, werk dinge uit. Wanneer hulle wonder oor werk, voorsien Hy weer.

Nie omdat alles maklik was nie. Maar omdat God getrou was.



Teen daardie tyd was daar geen twyfel meer nie dat God self die pad oopgemaak het. Op 12 Augustus 2025 het Henk met 'n gemeentelid se voertuig en sleepwaentjie na OR Tambo gery om Jan, Gerrinde en hul twee dogters, Jade (10) en Grace (8), te gaan haal. In hul hande vier groot tasse en vier kleiner tasse met alles daarin wat hulle vir minstens drie maande nodig sou hê. Intussen was die somtotaal van hul aardse besittings per skeepsvrag onderweg na Suid-Afrika.

Watter ongelooflike oomblik moes dit wees. Nie net 'n verhuising nie, maar gehoorsaamheid. Ek besef toe: God word nie deur landsgrense, baie papierwerk en selfs die “onmoontlike” beperk nie. Sy roeping ken geen paspoort nie. Sy Koninkryk word nie deur tale, kulture of kontinente begrens nie. Hy roep waar Hy wil. En Hy stuur waar Hy wil.

Die mooiste deel van Gerrinde se getuigenis is dalk nie dat sy uiteindelik Suid-Afrika toe gekom het nie. Dit is wat God intussen in háár gedoen het.

Sy skryf dat sy altyd iemand was wat graag beheer geneem het, alles wou organiseer en sekerheid wou hê. Maar God het haar geleer om beheer neer te lê en Hom te vertrou. Vandag kan sy terugkyk en sê dat God hulle veel meer gegee het as wat Hy van hulle gevra het.

Is dit nie hoe die Here werk nie? Hy verander eers óns voordat Hy ons omstandighede verander.

Miskien lees jy vandag hierdie verhaal en dink: *God sal my tog nooit só roep nie*. Miskien nie. Maar Hy roep elkeen van ons. Party stuur Hy oor kontinente. Party stuur

Hy na 'n buurvrou wat alleen is. Party stuur Hy na 'n kleinkind wat net iemand nodig het om te luister. Party stuur Hy na 'n vriendin wat swaarkry. Die vraag is nie waarheen God roep nie. Die vraag is of ons bereid is om te sê: *Here, hier is ek*.

Jan en Gerrinde se verhaal herinner ons daaraan dat God nie op soek is na mense wat reeds alles kan doen nie. Hy soek mense wat beskikbaar is. En wanneer ons bereid is om Hom te volg, ontdek ons telkens weer: As God jou roep, is daar geen grens nie. Geen landsgrens. Geen taalgrens. Geen ouderdomsgrens. Geen gemaksones. Net die grenslose trou van God wat saam met ons stap, elke tree van die pad.

Mag ons elkeen die moed hê om, wanneer Hy roep, eenvoudig te antwoord: *Hier is ek, Here*.

Lees Gerrinde se verhaal hier: <https://www.zz-ap.nl/voorbereidingen/een-eerlijk-verhaal/>



Mari-lizé – altyd in diens van die Kerk

Mari-lizé Beukes van Weltevreden is sedert 2017 voorsitter van die NHSV Hoofbestuur. Lidmate is oor die algemeen goed bekend met haar werk in die Kerk en die NHSV, maar ons het 'n paar vrae aan haar gestel om haar beter te leer ken.



Mari-lizé, jy was 'n pastoriekind in die NG Kerk, en trou toe boonop met 'n Hervormde predikant, ds (nou prof) Johann Beukes, tans werksaam by twee universiteite in Nederland. Jou hele lewe lank betrokke by die kerk. Vertel ons 'n bietjie meer van jou pad met die werk van die kerk.

Ek was sedert ons eerste gemeente, Kriel in Mpumalanga, betrokke by die NHSV en is by die eerste Hoëveldstreekkongres wat ek bygewoon het, verkies tot sekretaris/tesourier van die streek. Die blootstelling aan die NHSV op gemeentevlak was vir my 'n verrykende ervaring om saam met die vrouelidmate by verskeie projekte in die dorp betrokke te wees. Ons het 'n baie aktiewe NHSV tak gehad wat uitgereik het na verskeie instansies en self het ons NHSV tak maandeliks vir die vrouelidmate van ons gemeente vele toerustingsgeleenthede georganiseer. Vir die werkende vroue was die NHSV 'n plek waar ons mekaar kon inspireer met die fokus op dienswerk – om te gee sonder om iets

terug te verwag.

Op streeksvlak skuif die NHSV se fokus na die gemeentes en NHSV takke in die streke, en tydens die streekkongresse was die NHSV se jaartema die fokuspunt van die jaar se bedrywighede landwyd. Die opgewondenheid om van ons buurgemeentes se vrouelidmate weer te sien, idees uit te ruil en saam te kuier rondom die NHSV tema en sprekers wat ons toerus, was altyd 'n bonus. Ons kon daardie toerusting verder gaan toepas in ons eie gemeentes en NHSV takke.

'n Paar jaar daarna word ek verkies as voorsitter van die NHSV se Hoëveldstreek en word ek so deel van die NHSV Hoofbestuur saam met die ander streekvoorsitters en NHSV Dagbestuur. Op nasionale vlak skuif die NHSV se dienswerk na 'n wyer veld en raak 'n mens meer bewus van die omvang van die NHSV se landwye aksies en betrokkenheid. Tydens die NHSV se Nasionale Kongres in 2002 word ek verkies as visettesourier van die NHSV Dagbestuur

en beklee ek ook die poste van tesourier en visevoorsitter. In 2017 word ek verkies as voorsitter van die NHSV Hoofbestuur.

Jy was 'n joolprinses by Tukkie's, en vandaar ook betrokke by barmhartigheidswerk in gemeenskappe in en rondom Pretoria. Dit lyk vir my uitreik na minderbevoorregtes en ander barmhartigheidswerk lê jou na aan die hart?

My betrokkenheid by barmhartigheidswerk sedert my studentedae was toevallig deel van die jaarlikse JOOL- bedrywighede (Jou Onbaatsugtige Opoffering vir Liefdadigheid). Met hierdie studenteuitreike tydens JOOL het ons kontak gemaak met behoeftiges in die gemeenskappe by kinderhuise, ouetehuise en die DBV's. Komende uit 'n pastoriegesin, is ons in daardie jare baie beskermde grootgemaak en was die ontnugtering dat mense en diere swaarkry en hulp nodig het, nie meer iets waarvan jy net in tydskrifte gelees het nie. Die publiek het JOOL gesien as studente wat net pret het, met sommige wat heeltemal oorboord gegaan het! Ons wat vir maande van binne af betrokke was by JOOL, het gesien watter verskil al die donasies wat ons ingesamel het, gemaak het om behoeftiges se lewensomstandighede te probeer verbeter.

Jou eerste amptelike werk was as 'n rekenaarprogrammeerder, jy het vir die NHSV 'n handleiding saamgestel oor bestuursvaardighede en entrepreneur-skap, was ook 'n rekenaarstelselanalise en boonop die finansiële bestuurder van 'n konstruksie maatskappy in Johannesburg. Dis alles vaardighede wat jy nou as voorsitter van die NHSV goed benut, ook met jou hantering van die Studielening-fonds en as Ons Tuis-direksielid. Ek neem aan dis belangrik dat die voorsitter so 'n wye ervaringsagtergrond moet hê en werklik kundig moet wees. Wat is tans jou professionele/amptelike werk? Gee asseblief ook vir ons 'n kort oorsig van die projekte/werk in die Kerk waarby jy betrokke is.

My betrokkenheid in die Kerk en die NHSV was nog altyd en is steeds vir my 'n pad wat ek saam met ander gelowige vrouelidmate stap – saam maak ons 'n verskil in ander mense se lewens en groei ons daaglik waar ons Jesus sigbaar maak deur ons optrede. Wanneer jy besef dat jy bevoorreg is om hierdie geestelike toerusting en dienswerk te kan doen met jou beskeie gawes, talente en positiewe gesindheid om ander mense te help – dan verstaan jy die hart van die NHSV.



My jarelange werksondervinding kon ek definitief aanwend op vele terreine binne die NHSV. Die ekonomiese landskap van waar die NHSV gestig is in 1940 tot 86 jaar later, het geweldig verander en ek is bevoorreg om saam met kundige NHSV Dagbestuurslede, wat elkeen op haar eie terrein 'n unieke bydrae lewer, die NHSV te kan stuur op 'n verantwoordelike pad, getrou aan ons NHSV leuse *Wees 'n seën!*

Ek is in Maart 2025 deur die direksie van Ons Tuis aangestel as die besturende direkteur van Ons Tuis (MSW). Ek was sedert 2002 'n direksielid van die Monumenttehuise se direksie wat na vyf tehuise, naamlik Van Rensburg, Louis Trichardt, Emily Hobhouse, Andries-Marié Oosthuizen en Piet Potgieter, se oorhoofse bestuur omgesien het. Strategiese beplanning het reeds vanaf 1994 gelei tot die aanvaarding van 'n konsep-samewerkingsooreenkoms in 1999 tussen die direksies van die Monumenttehuise en Ons Tuis-tehuise vir die gesamentlike bestuur van al die tehuise in hierdie twee artikel 21-maatskappye (volgens ou wetgewing).



Tydens die 2017 NHSV Nasionale Kongres word die amptelike besluit geneem om die Monumenttehuise, op aanbeveling van die Monumenttehuis-direksie, oor te dra na die Ons Tuis-groep en word die nuwe direksie saamgestel uit vier lede elk wat benoem word vanuit die NHSV en Ons Tuis, saam met die besturende direkteur van Ons Tuis (MSW).

My aanstelling as besturende direkteur van Ons Tuis (MSW) het onverwags gebeur en wanneer 'n mens terugkyk op jou lewe, dan sien 'n mens die Here se hand in alles wat jy doen en die pad wat jy geloop het – niks gebeur toevallig nie en ek geniet my werk, met al die uitdagings wat bejaardesorg kan bied, om steeds hier ook 'n verskil te kan maak. Die Ons Tuis-sambreel het ses tehuise wat ons bestuur, naamlik Machteld Postmus, Seniorstuis, Riviera en Emily Hobhouse in Pretoria, AMOT in Parys, en Piet Potgieter in Polokwane – ek is baie op die pad saam met my bestuurspan om die tehuise gereeld te besoek en in voeling te wees met die bestuur op grondvlak.

Jy is tans redakteur van die NHSV se webblad wat vanjaar 20 jaar oud is, en redakteur van die kwartaallikse *Vroueflitse*, wat vanjaar reeds tien jaar lank bestaan. Dit behels onder meer nougesette koördinerings, en die vermoë om medewerkers betrokke te kry. Nie altyd maklik nie, maar dit lyk vir my of jy 'n stewige span in die Hoofbestuur en in streke en takke van die NHSV het. Vertel meer oor die knap dames wat so mooi saamwerk.

Ek is 'n linkerbrein wat hou van syfers en met my betrokkenheid by die NHSV se tydskrifte, moes ek noodwendig ook artikels skryf oor verskeie onderwerpe. Ek was jare terug betrokke by opleidingssessies wat die NHKA gereël het vir almal wat betrokke was by al die kerklike tydskrifte.

Neels Jackson, die destydse redakteur van *Die Kerkbode*, het hierdie opleidingssessies vir ons aangebied, wat klem gelê het op die skryf van artikels, wie jou gehoor is vir wie jy skryf, met struktuur en fokuspunte. Vir my was dit waardevol om vanuit 'n regterbrein-perspektief kreatief te wees en dit boonop te geniet.

Die NHSV Dagbestuur, streekvoorsitters van die NHSV Hoofbestuur en vrouepredikante van ons Kerk is 'n formidabele span dames wat gereeld vir my artikels stuur wat ons kan gebruik vir die rubriek *Vrouebediening* op die Kerk se webblad, sowel as artikels vir beide *Vroueflitse* se geestelike toerustingstemas en aktuele artikels vir *Die Christelike Vrou*.



Jou dogter was onlangs saam met jou by die NHSV se 50ste Nasionale Kongres. Vertel ons van jul kinders.

Albei ons kinders is gekwalifiseer in Bestuursrekeningkunde, wat ook my spesialisveld is vanaf my opleiding op Tukkies en die verskeie maatskappye waarvoor ek gewerk het. Ons seun, Michael, voltooi sy klerkskap aan die einde van hierdie jaar en moet dan die CIMA finale Raadseksamen skryf wat die vier jaar se studies en klerkskap afsluit. Ons dogter, Andrea, is tans besig met haar Honneurs in Bestuursrekeningkunde en begin volgende jaar met haar drie-jaar-klerkskap. Sy het vanjaar die NHSV Kongres saam met my bygewoon en dit geniet en interessant gevind! Sy wou dit graag bywoon, want sy het so baie gehoor van al ons beplanning en die opgewondenheid wat daarmee gepaard gaan.

***Die Christelike Vrou* bestaan nou reeds 83 jaar lank. Wat is jou boodskap vandag vir die vrouelidmate oor hierdie belangrike mondstuk van die NHSV?**

Die Christelike Vrou is reeds vir dekades deel van die NHSV se leuse en doelstellings om ons vrouelidmate te bereik in elke uithoek van ons land. Ons wil graag die NHSV beleef soos wat die vrouelidmate dit beleef in hul gemeentes, dorpe en stede. Die NHSV in elke gemeente het haar eie karakter, gegewe die samestelling van die gemeente en die samelewing waarbinne hulle funksioneer. Ons is dankbaar vir elke vrouelidmaat wat betrokke is by dienswerk in die Kerk in haar gemeente en ons wil graag blootstelling gee aan elke vorm van uitreik en dienswerk van al die NHSV's binne die raamwerk van *Die Christelike Vrou*.



Ds Denise Schmidt en oudl Mariëtte Schroeder, Dolfynkus

Dolfynkus vier Vrouedag

Op Saterdag 8 Augustus vanjaar is Vrouedag prettig en spoggerig in Gemeente Dolfynkus gevier, met 'n heerlike kuier, ontbyt en verfklass. Die tema van die oggend was die NHSV se huidige tema, Habakuk se woorde *Nogtans sal ek jubel...*


Ds Denise Schmidt het almal verwelkom met 'n storie van 'n handskoen en die verskillende rolle wat dit in ons lewens speel. Sy het ook gepraat oor hoe om 'n "nogtans-vrou" te wees en hoe om in moeilike omstandighede veerkragtig te wees deur die Here wat ons krag gee.

Ná ontbyt het Heleen Vermeulen, 'n gekwalifiseerde binnenshuisontwerper, gewys hoe om skinkbordjies te verf en mooi te maak met verskillende verf tegnieke.

Oudl Mariëtte Schroeder som op: *Dankie vir B you-nique #byounique vir die kunsles en vir #paperpetalstudio vir al die dekor en tafelversierings en die oulike naamkaartjies, en ook vir ds Denise vir al die beplanning en organisasie. Dit was baie lekker!*



Ds Denise Schmidt en Pat van Schalkwyk





Dankie, Hannelie!

Ds Hannelie Botha van Gemeente Worcester het in 2012 by Magda van Deventer oorgeneem as redakteur van *Die Christelike Vrou*. Nou gee Hannelie die taak oor nadat sy ons 14 jaar lank met interessante leesstof ingelig gehou het. Ons het haar gevra om 'n paar gedagtes met ons te deel.

Hannelie, jy was sedert Februarie 2012 redakteur van *Die Christelike Vrou*, terwyl jy terselfdertyd as kommunikasiebeampte by die Breedevallei Munisipaliteit gewerk het. En dan is jy ook orrelis in Gemeente Worcester. Intussen het julle huis gebou in Rawsonville en jou ma in die Kaap gevestig. 'n Besige lewe! Wat doen jy nóg?

My sus in Aboe Dhabi sou hier gesê het: so min moontlik vir so lank moontlik! Op 'n ernstiger noot: In vandag se Maroela Media is 'n artikel oor 'n dame wat op 93-jarige ouderdom 'n graad cum laude verwerf het. Nou ja, 'n mens doen maar wat jou hand vind om te doen. Daar is eintlik so baie wat ek wil doen. Soos die jare aanstap, kan 'n mens natuurlik nie presies meer doen wat jy voorheen gedoen het nie. In my baie jonger jare het ek heelwat gestap, graag tennis en later muurbal gespeel. Ná die motorongeluk teen die einde van die negentigs, moes ek maar iets anders doen en het toe begin roei. Intussen het ek van die kano ook ontslae geraak. Tans probeer ek by 'n duisternis kreatiewe projekkies uitkom, maar dit gaan maar moeilik. Daar is te veel wat ek wil doen en rus is ook vir my belangrik. Ek hou van interessante, kreatiewe dinge in die huis en tuin, soos die sensoriese voetpaadjie in ons voortuin

en die ingang na die towertuin in ons agterplaas wat ek van 'n ronde ou trampolienraam gemaak het waar om 'n pragtige rankplant blom en feetjieliggies ekstra towerkrag verleen. Ek probeer ook meer ernstig herwinning doen deur botteldoppies te versamel waarmee ek allerhande goed wil maak. By die munisipaliteit het ek ook al 'n paar geleenthede aangebied waar ek mense geleer het om Ecobricks te maak. (Iewers in my 14 jaar by *Die Christelike Vrou* het ek ook al een of twee artikels hieroor geskryf.) Wanneer ek eendag aftree, sou ek graag veel meer tyd aan herwinning wou bestee. So, ek hou allerhande mense en plekke wat herwin met groot belangstelling dop en leer tans soveel ek kan ter voorbereiding van my nuwe loopbaan.

Ek onthou uit die tyd toe *Die Christelike Vrou* in Konteks opgeneem is, dat jy 'n entoesiastiese fotograaf is. Kry jy darem nog geleentheid om dié liefde uit te leef?

Op 'n tyd in die verlede het ek gesê dat ek nooit 'n selfoon met 'n kamera sal kry nie, want 'n fotograaf gebruik kameras. Soos oor vele dinge in my lewe, het ek ook hieroor van plan verander. Sedert ek gesien het 'n gedrukte fotografietydskrif

het hul dubbelvoorbladfoto met 'n selfoon geneem, het ek weer begin dink oor die saak... Een van my eerste selfone met 'n kamera het 'n beter kamera gehad as my regte SLR Canon! As gevolg van een of twee ander persoonlike redes het ek al my kameras verkoop of weggegee. Tans neem ek dus slegs met my selfoon foto's. Daar is seker nog 90% van die funksies in my selfoon se kamera wat ek nog nie gebruik het nie... So, daar is nog baie uitdagings en geleenthede met fotografie wat ek vir my sien.

Dit was seker nie altyd maklik om medewerkers te kry en bydraes betyds te

ontvang vir elke uitgawe nie. Het jy vir ons enige wenke hieroor?

Elke redakteur het maar sy of haar eie manier. Ek het gewerk met mense wat wóú skryf. Sommige het 'n bietjie meer oorreding gevra as ander, maar ek kan met eerlikheid sê dat my medewerkers oor die tydperk van 14 jaar, oor die algemeen hul volle samewerking gegee het. Daar was die enkele gevalle waar ek spesifieke artikels maar laat staan het omdat ek te veel gesukkel het met die skrywers. Wenke? Hou maar altyd plan B in jou agterkop en in jou arsenaal van oorstaanbydraes...



Namens die NHSV en die Kerk, baie dankie vir die goeie werk wat jy 14 jaar lank met *Die Christelike Vrou* gedoen het. Ons mag dalk gou weer by jou aanklop vir raad en selfs 'n lekkerleesbydrae of twee!



Ds Elmien Shaw, Swartkop

Moeg vir die sjokolade-speletjie?

Wanneer jou hele bestaan 'n transaksie word om aanvaarding te koop, word jy 'n gevangene van ander mense se opinies.

My graad 1-seuntjie het onlangs leer lees. By sy skool kry hy 'n sjokolade vir elke 50 boeke wat hy kafdra. Hoe meer hy lees, hoe groter die beloning. Dit stop nie by die suiker nie. Sy foto verskyn op die klas se WhatsApp-groep, begelei deur applous. Hy hardloop op die brandstof van erkenning.

Dit lyk na 'n onskuldige speletjie, maar eintlik leer hy vroeg reeds die reëls van die grootmensewêreld: Doen iets, sodat jy iets kan kry.

As vroue ken ons hierdie transaksionele bestaan alreeds goed. Ons leef vasgevang in wat ek die “horisontale kyk” noem – die nimmereindigende soeke na eksterne erkenning of goedkeuring. Ons hou die huishouding aan die gang, jaag spertye na, balanseer verhoudings, en glimlag selfs wanneer ons batterye heeltemal pap is. Ons jaag ons eie grootmens-sjokolades na: die klop op die skouer, die verligting om niemand teleur te stel nie, of die bewys dat ons alles onder beheer het.

Die prys is egter hoog. Wanneer jou lewe 'n transaksie word om aanvaarding te koop, word jy 'n gevangene van ander se opinies. Jou siel raak uitgeput. Elke taak voel soos 'n rugsak vol bakstene.



Het jy geweet dat Paulus in Kolossense 3:23-24 aan huis-slawe geskryf het – mense wat volgens die Romeinse reg bloot lewende gereedskap sonder enige stem was? Hulle moes daagliks presteer net om guns en oorlewing te koop. En tog sê Paulus vir hulle: *Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie...*

Die Griekse frasiering vir “van harte” beteken letterlik: *uit die diepte van jou siel*. Paulus herinner hulle, en ons vandag, dat ons werk nie ’n desperate poging is om waarde te verdien nie.

Jy hoef nie jouself stukkend te presteer om God se guns te wen nie. Aan die kruis het Hy reeds jou volle erfenis en waarde beklank. Jy is nie ’n slaaf van mense se verwagtinge nie; jy is ’n volkome geliefde dogter van die Koning.

Wanneer jy vandag jou rekenaar oopmaak, die kinders se kosblikke pak of na ’n vriendin luister, hoef jy dit nie vir ’n applous te doen nie. Doen dit stilweg as ’n geskenk van aanbidding aan Hom wat reeds met oneindige liefde na jou kyk.

Gebed

Dankie dat ons vanoggend uit u Woord kon hoor dat ons genoeg is. Dankie dat ons waarde klaar vasgemaak is aan die kruis; dat ons nie slawe van ’n sisteem is nie, maar vrye dogters van die Koning.

Redakteur en taalversorging: Tessa Oppermann

Medewerkers: Trudie Joubert, Mari-lizé Beukes, Mariëtte Schroeder,
di Denise Schmidt, Hannelie Botha en Elmien Shaw

Bladuitleg: Rozelda Nel

E-pos: admin@nhsv.org.za

Webblad: www.nhsv.org.za

Facebook: Nhsv Hoofbestuur

Landlyn: 012 325 0117